

VERSAMEL? JA! MAAR NIE FOSSIELE OF KLIPWERKTUIE NIE



J.O.P.
Die "wiele" van die tuisgemaakte karretjie waarmee hierdie Bantoe kind speel, is twee van die bekende deurboorde klippe wat betreklik algemeen in die Vrystaat gevind word.

Hierdie klippe wat onder meer deur die primitiewe mens as gewigte aan graafstokke gebruik is, hoef nie so mishandel te word om hul wetenskaplike waarde te verloor nie. Die oomblik wanneer dit deur 'n onnadenkende persoon verwyder word uit die bepaalde verband of laag waarin dit saam met ander werktuie voorgekom het, verloor die voorwerp meer as 90% van sy wetenskaplike waarde.

STEL u belang in klipwerktuie en/of fossiele? Is u dalk besig om 'n private versameling van sodanige voorwerpe op te bou? Indien wel het u waarskynlik reeds die bepalinge van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet 28 van 1969) oortree en kan u by skuldigbevinding 'n boete van R1 000,00 en of gevangenisstraf van 6 maande opgelê word.

Die taak van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede is om alle voorwerpe van histo-

riese, argeologiese en paleontologiese belang, te bewaar en te beskerm.

Die volgende artikels word spesifiek deur die Wet beskerm:

- meteoriete
- fossiele
- tekeninge of skilderye op klip deur inboorlinge

- rotsgraverings deur inboorlinge
- werktuie of ornamente van inboorlinge
- inhoud van grafte, grotte, rotsskuilings, puinhope ens. van inboorlinge.

Onder "inboorlinge" word verstaan mense wat die land bewoon het voor die koms van die blankes. Bogenoemde artikels mag nie vernietig, beskadig, uitgegrawe, verwyder of uitgevoer word sonder 'n permit wat onder spesiale voorwaardes deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede uitgereik is nie. Daar is wel sekere uitsonderings en toegewings vir normale mynbou-, ingenieurs- en landboubedrywighede.

Navorsers in beide die argeologie en paleontologie is dit eens dat die spesifieke posisie waarin 'n fossiel, werktuig, rotstekening ens. gevind word essensieel is vir die uiteindelijke interpretasie daarvan en maak van gevolgtrekkings daartoe omtrent. Die verband daarvan met ander voorwerpe en die laag of lae waarin dit voorkom, het veel groter wetenskaplike waarde as die voorwerp op sigself. Indien 'n fossiel of werktuig uit sy oorspronklike posisie verwyder word sonder dat wetenskaplike gegewens omtrent die afsetting waarin dit voorkom, opgeteken is gaan meer as 90 persent van die werklike waarde daarvan verlore. Die voorwerp mag wel nog uniek wees maar dit kan nooit weer in sy presiese historiese of prehistoriese perspektief teruggeplaas word nie.

Om die regte inligting aangaande 'n vindplek aan te teken moet 'n mens die nodige opleiding en agtergrondkennis hê en om hierdie rede word permitte deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede slegs uitgereik aan persone wat oor spesifieke kwalifikasies en ondervinding beskik. Anders as in Europa waar baie van die voorwerpe versamel is voordat die belang van die presiese vindplek besef is, is ons in hierdie opsig bevoorreg, juis omdat hierdie getuienis van die voorgeskiedenis tans nog betreklik ongeskonde is.

Voorwerpe soos die bogenoemde is 'n deel van ons natuurlike erfenis en moet dus vir alle Suid-Afrikaners bewaar word. Dra dus u deel by om hierdie kultuurskatte te bewaar. Verwittig die polisie as u vandale by sodanige vindplekke aantref en indien u weet waar voorwerpe voorkom wat van wetenskaplike waarde mag wees, stel die naaste museum daaromtrent in kennis.



DONATION OF WALLPAPER

Mr Alan Jones (left), manager of B. P. Jones (Pty) Ltd. the well-known Bloemfontein firm of hardware merchants recently made a large donation of wallpaper to the Museum. These are to be used as wall covering in the various rooms of a town house, ladies' outfitters, doctor's waiting room and surgery presently under construction in the Museum. On the right is Mr Piet van der Merwe, senior technician of the Museum who is responsible for the erection of the various "buildings". A typical street scene in a Free State town of some 50 years ago is being recreated and will also include a blacksmith's shop, chemist and a pawn shop.

In about a year's time when this display is opened to the public the period rooms will not only contain furniture and bric-a-brac but also human figures in typical costume engaged in the performance of their everyday chores.